'n Ruiter van die Botswana nasionale span. Is internasionale kompetisie iets van die verlede by Fauresmith?

Uithouritte in Suid-Afrika – waarheen nou?

deur **dr Paul van Dam**

Uithouritte as berede sportsoort het amptelik in 1974 in Suid-Afrika begin met die eerste rit by Fauresmith. Deur die jare het die sport heelwat veranderinge oorleef en steeds sterker geword.

Toe die ruiters te veel word vir Fauresmith, is vereis dat ruiter-perdkombinasies moes kwalifiseer om aan hierdie ritte te kon deelneem. Uit die individuele kompetisie het spankompetisies gegroei en soos ruiters meer geword het, is nuwe ruiterkategorieë geskep.

SA nasionale kleure is toegeken, eers aan die inter-unie span (toe internasionale deelname nie moontlik was nie) en later aan Suid-Afrikaanse spanne wat op Fauresmith teen Namibië en Botswana deelgeneem het. Die internasionale kompetisie het later uitgebrei na daardie lande en na deelname aan die wêreldkampioenskappe onder die vaandel van die Internasionale Perdesportfederasie (FEI).

Reëls en regulasies

Die Uithouritvereniging het deur die jare reëls vir die sport ontwikkel wat uniek tot Suid-Afrikaanse omstandighede is. Dit behels kortom dat perde deur veeartse ondersoek word die aand voor die rit begin, om seker te maak dat die perde geskik is om die lang pad aan te pak. Perde spring dan die oggend van die rit in klein groepies weg. Die rit word so gereël dat dit oor 'n aantal bene plaasvind. Wanneer 'n ruiter met 'n been klaarmaak, stop sy rytyd as die perd se neus oor die lyn gaan en word hy/sy twintig minute gegun om sy perd te versorg. Daarna word die perd weer deur die veeartse ondersoek om te bepaal of dit reg is om verder te gaan. Selfs aan die einde van 'n rit is die norm dat, as die perd nie sou kon verder gaan nie, hy gediskwalifiseer word.

Die FEI se reëls werk weer volgens die veterinêre hekstelsel. Perde word steeds voor die rit ondersoek, maar spring dan gewoonlik as een groot groep weg. Die rit strek steeds oor 'n aantal

Die einde is in sig

Uithouritmeester, Ami de Wet, op pad na die veeartsondersoek

Vir baie ruiters bly die uitdaging om Fauresmith suksesvol te voltooi, die hoogtepunt. Hierdie twee het pas hulle perde suksesvol vir die laaste veeartsondersoek aangebied

bene. Wanneer 'n ruiter met 'n been klaarmaak, hou sy rytyd egter aan loop tot tyd en wyl hy besluit dat sy perd gereed is om deur die veeartse ondersoek te word. Polsslag speel hier 'n groot rol – daar is 'n toegelate maksimum. Waar 'n ruiter onder die Uithouritvereniging se stelsel vinnig van die baan inkom met die rytyd wat dadelik stop, moet hy onder die hekstelsel probeer om rustiger in te kom, sodat die polsslag vinniger afkom. Rytyd stop eers as die pols laag genoeg is om die perd na die veeartse te neem vir ondersoek.

Fauresmith 200

Vir baie van die lede van die Uithouritvereniging, is die Fauresmith 200 (wat oor 201 km oor drie dae strek) die mikpunt waarna hul streef – hetsy om deel te neem en klaar te maak, of om te gaan ry vir 'n plek. Die Sportkommissie het besluit om die huidige regulasies streng toe te pas. SA nasionale kleure sal net toegeken word vir deelname aan kompetisies gehou onder toesig en op die amptelike kalender van 'n internasionale organisasie (in hierdie geval die FEI). Dié besluit was die ondergang van die Fauresmith internasionale kompetisie. Namibië en Botswana ondervind dieselfde probleem en het hulle amptelike spanne aan die Fauresmith 200 onttrek. Dit lyk na 'n uitgemaakte saak dat die regulasies verander gaan word om die toeken van SA nasionale kleure te beperk tot spanne wat op hoë vlak meeding, soos wêreldkampioenskappe en die Olimpiese Spele.

Beproef die nuwe, behou die goeie

Is die Uithouritvereniging op pad na versplintering of gaan dit 'n voorbeeld vir almal stel – die goue middeweg, met die behoud van die huidige Uithouritvereniging en met plek vir almal?

Die oplossing is dalk eenvoudiger as wat mens dink! Mense neem deel aan sport omdat dit vir hulle lekker is en omdat hulle die geleentheid kry om persoonlike mikpunte te verwesenlik. Die sportkoördineers behoort geleenthede te bied hiervoor. 'n Paar voorstelle ter opknapping en vernuwing:

- Behou Fauresmith soos dit is, maar ontwikkel dit verder as 'n unieke rit en ondervinding wat nêrens anders in die wêreld meegemaak kan word nie. Behou die ruiter-perd-kwalifikasie, maar aanvaar ritte oor enige afstand van minstens 80 km, onder enige erkende uithouritreëls, en enige plek. Net een verandering: doen weg met die sogenaamde

UVvSA span – die tyd daarvoor is verby. Dan word die kwessie van kwalifiserende tye ook sommer tot 'n einde gebring

- Behou Suid-Afrikaanse reëls en laat klubs toe om ritte daarvolgens aan te bied. Dit vereis minder beamptes en bly meer bekostigbaar
- Laat klubs ook toe om ritte onder volwaardige FEI-reëls aan te bied. Dit gee ruiters die geleentheid om die stelsel te leer ken en hulle voor te berei vir internasionale kompetisie
- Bied moontlik 'n tipe Suider-Afrika drienasies-reeks aan, waar spanne en individue van Suid-Afrika, Namibië en Botswana aanvanklik teen mekaar kan kompeteer onder die FEI-reëls. Al die kompetisies hoef nie dieselfde te wees nie. Die plek waar elke rit aangebied word, kan roteer tussen verskillende geskikte ritbasisse. Klubs wat nie kans sien om die langer ritte aan te bied nie, kan dan geleentheid kry om by die organisasie betrokke te wees
- Gun ruiters wat daarvoor kans sien, geleentheid om aan wêreldkampioenskappe te gaan deelneem. Stig 'n belangegroep wat hulleself hiervoor beywer, moontlik met 'n stalopset met Suid-Afrikaanse perde in Europa as 'n mikpunt.

Wat nasionale kleure betref, sal dit slegs ruiters wees wat wêreldkampioenskappe toe gaan wat daarvoor kwalifiseer. Daardie besluit is nie in ons hande nie. Die res sal kwalifiseer vir Federasiekleure, toegeken deur 'n liggaam soos die SA Equestrian Council – steeds Suid-Afrikaanse kleure vir wanneer jy jou land verteenwoordig! Begrip moet gevestig word vir hierdie verandering.

Die uithouritsport is 'n wonderlike sport wat geleenthede bied vir alle tipe ruiters – ruiters wat wil wen, wat op die hoogste vlak wil deelneem, wat dit vir die lekker wil doen, wat van die week se frustrasies wil ontslae raak. Kinders, pa, ma, oupa, ouma, lig en swaar, groot en klein. Dit is nie nodig vir òf die een òf die ander nie – skep eerder meer geleenthede vir meer verskeidenheid.

(Dr Paul van Dam is sekretaris van die die Nasionale Uithouritvereniging van Suid-Afrika. *SA Horseman* sal menings uit alle oorde oor hierdie aangeleentheid verwelkom.) **SAH**